VBO

VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING

COMMUNITAS

2014

... om 'n leerbare ingesteldheid te kweek

VBO gaan oor die verdieping van ons verstaan
van die evangelie,
ons ingesteldheid teenoor ons roeping en
oor die slyping van
ons bedieningsvaardighede.

Dit gaan veral ook oor konstante leerbaarheid:
oor die moed om in nuwe situasies in te gaan
met die vertroue dat die Here ons kan leer en
'n weg kan wys
wat ons nie nou helder sien nie.

INHOUDSOPGAWE

Liewe Kollegas 4
Eenblad-oorsig 5
Kronologiese datumlys 6
VBO-kursusse
1. Jesus as King 8
2. Credo vir die lewe: Oor die Apostoliese geloofsbelydenis 9
3. PEAK 1 10
4. Geloof en Wetenskap II 11
5. Nuwe leiers vir nuwe werklikhede 12
6. Geloofsreis vir predikante 13
7. Entrepreneurskap en finansiële intelligensie 15
8. Geroep en gestuur: oor missionêre bewustheid in ons gemeentes 16
9. Om opnuut “Ja” te sê vir ons roeping en werk 17
10. Gevorderde Sertifikaat: Jaar 1
    10a: Kursus 1: Om die tye en geleenthede te verstaan 18
    10b: Kursus 2: Gemeentelike Ekklesiologie 18
    10c: Kursus 3: Triniteit, Missio Dei en die Plot van die Evangelie 18
11. ’n Nuwe blik op Paulus 19
12. PEAK Deel 2 20
13. Gelukkige Aftrede 20
14. Familiebediening 21
15. Triniteit, Evangelie en die Missio Dei: waar alle bediening begin 22
16. Nuwe Groei en Vrug – om jou visie en passie weer aan te vuur 23
17. Winterskool: Christus die Hoop vir Afrika – die volgende 20 jaar 23
18. Op weg na multikulturele gemeentewees! 24
19. Geluk: Deugde-in-Praktyk om te Floreer – oor “happiness” 25
20. Doop en sakramente 26
21. Om te hoor, te voel … en te sien… (Skryfkursus) 27
22. Die Nasionale Ontwikkelingsplan 28
23. Padlangs Ouerskap 29
24. Prediking 30

Praktiese reëlings: 31
Kursuskoste, kursustye e.d.m.

VBO-punte 33

Taakgroep-inligting 34

Liewe Kollegas

Ons VBO-program vir 2014 is gereed en ons stuur dit met opgewondenheid in ons harte aan julle.

Om die boekie meer toeganklik en gebruikers-vriendelik te maak, het ons die inhoud verminder en bied ons net die nodige kursusinligting in hierdie kompakte formaat. Vir meer inligting kan jy gerus op ons webblad, communitas.co.za gaan lees.

Statistiek wys dat dit goed gaan met VBO in ons streek. Die bywoning is oor die algemeen goed asook die ingesteldheid en gesindheid van leraars. Ons is baie dankbaar hiervoor en wil ons leraars hartlik bedank. Ook vir die eposse en oproepe van dank oor watter verskil die kursusse in hul lewens en bediening gemaak het.

Die program vir 2014 bevat:

- 'n klompie bestaande driedag-kursusse wat op versoek herhaal word;
- 'n hele paar nuwe driedag-kursusse (waaroor ons baie opgewonde is!) – o.a. drie kursusse wat aangebied word deur bekende leraars van buite ons streek (Nelus, Niemandt, Dirkie van der Spuy en Gerhard Botha);
- die Winterskool wat vanaf 10–12 Junie saam met Ekklesia en die Fakulteit aangebied sal word. Die tema vir 2014 is: *Christus die Hoop vir Afrika/Christ, the Hope for Africa.*
- Dan is dit met groot vreugde dat ons van die kant van die drie VBO-instansies (Communitas/Ekklesia, Shepherd en Excelsus) die instelling van 'n gevorderde sertifikaat in Bedieningsvernuwing aankondig.
  - Die bedoeling met die sertifikaat is om aan leraars wat behoefte daaraan het 'n meer inklusiewe en omvattende reeks kursusse aan te bied wat hulle op 'n veel breër front gaan heroriënteer t.o.v. van ons bedieningseise vandag.
  - Die kursus bestaan uit nege samehangende blokke wat oor 'n periode van drie jaar gedoen word – drie blokke per jaar – en ons op die belangrikste fasette van die bediening heroriënteer. Die gedagte is dat ons volgende jaar met die eerste drie blokke begin.

  Kyk by die kursuslys vir meer inligting hieroor.

Ons bied die program aan met die gebed dat dit leraars van die kerk mag motiveer, sterk en bekwaam maak vir die wonderlike roeping wat die Here "uit onverdiende goedheid aan ons toevertrou het".

Coenie Burger	**Michiel Strauss**	**Wilma Le Roux**
(PSD vir VBO)	**(Voorsitter: VBO-Taakspan)**	**(Admin Beampte: VBO)**

’n Eenblad-oorsig oor die VBO-PROGRAM 2014

KURSUSSE OOR TEOLOGIESE INSIG EN VERSTAAN

Jesus as King (Saam met Ekklesia)	**28–30 Jan**	*Marius Nel e.a*
Credo vir die lewe… (Apostoliese geloofsbelydenis)	**4–6 Feb**	*Robert Vosloo, Ernst Conradie & Nico Simpson*
Geloof en Wetenskap II	**18–20 Feb**	*Louis Jonker, Heerden van Niekerk e.a.*
’n Nuwe blik op Paulus	**8–10 Apr**	*Elna Mouton, Jeremy Punt, Francois Wessels*
Doop en sakramente	**5–7 Aug**	*Coenie Burger & Andries Cilliers*

KURSUSSE OOR DIE SA KONTEKS

Die Nasionale Ontwikkelingsplan	***19–21 Aug***	*Pieter Grove*

KURSUSSE OOR GEMEENTE-BEDIENING EN BEDIENINGSVAARDIGHEDE

PEAK Leadership	**18–20 Feb**	*Jannie le Roux & Peet Bester*
PEAK Leadership Deel 2	**14–16 Apr**	
Nuwe leiers vir nuwe werklikhede	**25–27 Feb**	*Nelus Niemandt*
Geroep en Gestuur (MSM)	**11–13 Maart**	*Philip Botha, Gordon Crowther & Peter Adams*
Familiebediening? Hoe werk dit …	**22–24 Apr**	*Deon Kitching, Denvor Wagenaar & Gielie Loubser*
Triniteit (in Suid–Kaap)	**6–8 Mei**	*Coenie Burger & Andries Cilliers*
Nuwe Groei en Vrug: *oor visie en passie*	**6–8 Mei**	*Dirkie van der Spuy*
Op weg na multikulturele gemeente...	***22–23 Julie***	*Johan Botha & Ryk van Velden*
Padlangs Ouerskap	**2–4 Sep**	*Gielie Loubser & Jan van Zyl*
Die Patos van Prediking	**16–18 Sep**	*Johan Cilliers & Ian Nel*

KURSUSSE OOR PERSOONSGROEI EN SPIRITUALITEIT

Entrepreneurskap en finansiële intelligensie	**4–5 Maart**	*Gerhard Botha*
Sê ‘ja’ vir jou roeping ...	**18–20 Maart**	*Coenie Burger en Pieter Grove*
Gelukkige aftrede	**22–24 Apr**	*Kenny en Deon Bruwer*
Geluk: Deugde-in-Praktyk (“happiness”)	**29–31 Jul**	*Marius Ungerer en Jannie le Roux*
Om te hoor, te voel ... (Skryfkursus)	**19–20 Aug**	*Len Hansen en Estelle Steenkamp*
Geloofsreis vir predikante	***Verskeie – sien lys***	*Gys van Schoor*
Predikantebegeleiding	***Verskeie – sien lys***	*Pierre Goosen e.a.*
100 Dae Geloofsgewoonte reis	***Verskeie – sien lys***	*Riaan vd Merwe, Pierre Goosen*

GEVORDERDE SERTIFIKAAT: JAAR 1

1	**Om die tye en geleenthede te verstaan**	***20–22 Mei***	*Coenie Burger e.a.*
2	**Gemeentelike Ekklesiologie**	**26–28 Aug**	*Frederick Marais & Ian Nell*
3	**Triniteit, Missio Dei ...**	**21-23 Okt**	*Coenie Burger en Marius Nel*

WINTERSKOOL ~ 10–12 Junie

Christus die Hoop vir Afrika – *die volgende 20 jaar*

KRONOLOGIESE KURSUSDATUMS 2014

1	**28–30 Jan**	**Jesus as King (Saam met Ekklesia)**	*Marius Nel*
2	**4–6 Feb**	**Credo vir die lewe: *Oor die betekenis van die Apostoliese geloofsbelydenis vir vandag***	*Robert Vosloo, Ernst Conradie & Nico Simpson*
3	**18–20 Feb**	**PEAK 1**	*Jannie le Roux & Peet Bester*
4	**18–20 Feb**	**Geloof en Wetenskap II**	*Louis Jonker, Heerden van Niekerk e.a.*
5	**25–27 Feb**	**Nuwe leiers vir nuwe werklikhede**	*Nelus Niemandt*
6	**Verskeie datums**	**Geloofsreis vir predikante (sien aparte raampie)**	*Gys van Schoor*
7	**4–5 Maart**	**Entrepreneurskap en finansiële intelligensie**	*Gerhard Botha*
8	**11–13 Maart**	**Geroep en gestuur: *Hoe om missionêre bewustheid in ons gemeentes te verhoog***	*Philip Botha, Gordon Crowther & Peter Adams*
9	**18–20 Maart**	**Om opnuut "Ja" te sê vir ons roeping en werk*: Helende gesprekke oor die bediening***	*Coenie Burger & Pieter Grove*
10a		**Gevorderde Sertifikaat: Jaar 1**	
	20–22 Mei	**Kursus 1: Om die tye en geleenthede te verstaan**	*Coenie Burger e.a.*
10b	**26–28 Aug**	**Kursus 2: Gemeentelike Ekklesiologie**	*Frederick Marais &, Ian Nell*
10c	**21-23 Okt**	**Kursus 3: Triniteit, Missio Dei en die Plot van die Evangelie**	*Coenie en Marius Nel*
11	**8–10 Apr**	**'n Nuwe blik op Paulus: *'n Inleiding tot hedendaagse interpretasies van Paulus se boodskap en sy kommunikasie daarvan***	*Elna Mouton, Jeremy Punt & Francois Wessels*
12	**15–16 Apr**	**PEAK Deel 2 (saam met Ekklesia)**	*Peet Bester & Jannie le Roux*
13	**22–24 Apr**	**Gelukkige Aftrede**	*Kenny Raats & Deon Bruwer*
14	**22–24 Apr**	**Familiebediening? *Hoe werk dit in huishoudings, in gemeentes, in die skool en as 'n missionêre metodiek***	*Deon Kitching, Gielie Loubser, Anriëtte de Ridder & Denvor Wagenaar*
15	**6–8 Mei (Suid-Kaap)**	**Triniteit, Evangelie en die Missio Dei: *waar alle bediening begin***	*Coenie Burger & Andries Cilliers*
16	**6–8 Mei**	**Nuwe Groei en Vrug – *om jou visie en passie weer aan te vuur***	*Dirkie van der Spuy*
17	**10–12 Jun**	**Winterskool : Christus die Hoop vir Afrika – *die volgende 20 jaar***	
18	**22–23 Jul**	**Op weg na multikulturele gemeentewees!**	*Johan Botha & Ryk van Velden*
19	**29–31 Jul**	**Geluk: Deugde-in-Praktyk om te Floreer – ons gesels oor *"happiness"***	*Marius Ungerer en Jannie le Roux*
20	**5–7 Aug**	**Doop en Bediening: *Ontvang wat vir julle gegee is***	*Coenie Burger & Andries Cilliers*
21	**19–20 Aug**	**Om te hoor, te voel ... en te sien... (Skryfkursus)**	*Len Hansen & Estelle Steenkamp*
22	**19–21 Aug**	**Die Nasionale Ontwikkelingsplan – *wat gaan die Kerke daarmee maak?***	*Pieter Grove*
23	**2–4 Sep**	**Padlangs Ouerskap**	*Gielie Loubser & Jan van Zyl*
24	**16–18 Sep**	**Die Patos van Prediking *'n Praktiese kursus oor die prediking***	*Johan Cilliers & Ian Nel*

		Geloofsreis vir predikante		**Gys van Schoor**
3–6 Maart	**6a**	**Geloofsreis 1:1 Emosioneel gesonde spiritualiteit**		
19–22 Mei	**6b**	**Geloofsreis 1:2 Ons het ons misgis met Jesus**		
15–18 Sept	**6c**	**Geloofsreis 1:3 Die innerlike reis**		
3–6 Maart	**6d**	**Geloofsreis 2:1 MBTI**		
29 Sep–2 Okt	**6e**	**Geloofsreis 2:2 Dissipelskap en Geloofsvorming**		
17–20 Feb	**6f**	**Geloofsreis 3:1 Kontemplatiewe Spiritualiteit**		
17–20 Nov	**6g**	**Geloofsreis 3:2 "Outside witness"**		
10–13 Maart	**6h**	**Vir mense na die 3 jaar is daar 2 stoppe:**	**1. Seisoene van die siel**	
24–30 Nov	**6i**		**2. Stilte retraite**	

	Begeleidingsentrum (Predikantebegeleiding)	
18 – 20 Maart **17 – 19 Jun** **26 – 28 Aug** **21 – 23 Okt**	**Mooi hawens, Bettiesbaai**	**Pierre Goosen, Theunis Botha e.a.**
	100 Dae Geloofsgewoonte reis	
4–5 Maart **13–14 Mei** **5–6 Aug** **28–29 Okt**	**Ring van Clanwilliam** **Schoonstadt, Constantia** **Schoonstadt, Constantia** **Schoonstadt, Constantia**	**Riaan van der Merwe & Pierre Goosen**

1 Jesus as King

28–30 Januarie 2014
Stellenbosch
Marius Nel

Tema en doel
Jesus as koning – ’n kritiese evaluering van die belang van die werk van NT Wright vir die roeping van die kerk in die 3de millennium.

Inhoud
- Die vraag na die historiese Jesus en die belydenis van die kerk.
- Die geloof van Jesus (nuut nagedink oor wat dit beteken om te glo in Jesus).
- Jesus as die Joodse Messias (nuwe insigte oor eerste-eeuse Judaïsme en waarom dit belangrik is vir ons verstaan van Jesus).
- Die opstanding van Jesus – histories én teologiese beskou.
- Hoe God koning geword het (wat is die implikasie van die hemelvaart van Jesus vir die roeping van die kerk?).
- Hoe moet ons die gesag van die Skrif verstaan (om in God se verhaal te leef)?
- Die goeie nuus is beter as wat ons gedink het (die eskatologie van Jesus).

Uitkomste
- Blootstelling aan die navorsing deur een van dié toonaangewendste Nuwe-Testamentici van ons tyd.
- Die vermoë om genuanseerd en gefundeerd oor die roeping van die kerk te kan nadink vanuit die Nuwe-Testamentiese wetenskap.
- ’n Herontdekking van die kern van die kerk se verkondiging.

Boeke aanbeveel – Geskryf deur NT Wright

Jesus and the Victory of God (Christian Origins and the Question of God, Vol. 2). 1997

The Resurrection of the Son of God (Christian Origins and the Question of God, Vol. 3). 2003

Scripture and the Authority of God: How to Read the Bible Today. 2011

How God Became King: The Forgotten Story of the Gospels. 2012

Surprised by Hope: Rethinking Heaven, the Resurrection, and the Mission of the Church. 2008





2 Credo vir die lewe: *Oor die betekenis van die Apostoliese geloofsbelydenis vir vandag*

4–6 Februarie 2014

Stellenbosch

Robert Vosloo, Ernst Conradie & Nico Simpson

Tema en doel

In hierdie kursus word op die betekenis van die Apostoliese geloofsbelydenis (of Apostolicum) vir die kerk vandag gefokus. Dié geloofsbelydenis verwoord die hart van die Christelike geloof en het deur die eeue in die liturgie, kategese en lewe van gelowiges neerslag gevind. Maar wat beteken dit om vandag – ook in die lig van hedendaagse vrae – ons geloof in die woorde van die Apostolicum te bely? Hierdie kursus fokus dan spesifiek daarop om opnuut die waarde en krag van die Apostolicum te herontdek en dit met die intellektuele, kerklike en publieke uitdagings van ons dag in gesprek te bring.

Inhoud

In die kursus sal aan die volgende sake aandag gegee word:

- Hoe die Apostilicum verband met die belydenis van ons geloof in die drie-enige God hou;
- Watter uitdagings ons hededaagse konteks aan die verstaan, uitleg en uitleef van die Apostolicum bied;
- Hoe ons frases soos byvoorbeeld “die Skepper van hemel en aarde”, “gebore uit die maagd Maria”, “ter helle neergedaal het”, “wat opgestaan het die dode” en “die ewige lewe” kan verstaan;
- Hoe die Apostolicum in die erediens, gespreksgroepe, kategese en ander leringsgeleenthede tereg kan kom

In die kursus word die dokument ***Die Apostoliese Geloofsbelydenis: ’n Eietydse uitleg*** (wat in Oktober 2013 voor die sinode van die Ned. Geref. Kerk gedien het, en waaraan ’n aantal teoloë uit die Ned. Geref. Kerkfamilie meegewerk het) as basisdokument gebruik. ’n Aantal ander tekste oor die Apostolicum sal ook beskikbaar gestel word.

Uitkomste

Die kursus beoog dat kursusgangers

- groter begrip vir die waarde en krag van die Apostolicum sal ontwikkel
- onder die indruk van die teologiese diepte van die Apostilicum sal kom
- die Apostilicum in gesprek met hedendaagse vrae en uitdagings sal kan bring
- onder die indruk van die praktiese nut van die Apostilicum vir die gemeentelike lewe sal kom

3 Peak Leadership (Gemeenskapsleiding)

Die kursus word in 2 dele aangebied, in Engels – in samewerking met Ekklesia.

3 PEAK Deel 1:

Jannie le Roux & Peet Bester

Groenland

18 –20 Feb 2014

_____

Ons is baie bevoorreg om ’n uitstaande kursus wat vir topsakeleiers aangebied word beskikbaar te maak vir leraars. Die kursus vorm ook deel van die MBA-program by Stellenbosch Universiteit. Die kursus is ontwerp deur die bekende leierskapskenner, Christo Nel.

Dit is `n uitstekende, uitgebreide kursus wat oor ses dae aangebied word (twee driedag-geleenthede). Die kursus werk met 12 meta-vaardighede wat by leiers gevestig moet word wat sake insluit soos:

Konnekteer die gemeentekultuur met die kultuur van die gemeenskap waarin die gemeente funksioneer?

1. Create and tap into a personal Council of Leaders. (Village of leaders)
2. Unleash energy – self and others.
3. Master the art of leadership conversations.
4. Value and harness diversity.
5. Value personal incompetence and ignorance.
6. Relentless focus and fierce resolve.
7. Perpetual curiosity.
8. Actively seek and cross edges.
9. Integrate Me – We – Work – World.
10. Create and build positive deviance.
11. Embrace anxiety as a constructive force.
12. Reflection time out from busyness.

12 PEAK ~ Deel 2

Jannie le Roux & Peet Bester
Groenland
15-16 April 2014

4 Christelike Geloof en Wetenskap: *Die hele prentjie*

18–20 Februarie 2014
Stellenbosch
Prof Louis Jonker
(US Teologie, Dept. Ou Testament)

Sommige het dalk gesê dat “geloof” met die hart te make het, terwyl “wetenskap” met die kop te doene het.

- Geloof veronderstel glo; wetenskap veronderstel dink.
- Geloof is om vas te hou aan dinge wat ons nie kan bewys nie; wetenskap is volledig daarop uit om dinge te bewys.
- Geloof het te make met dinge wat ons dikwels nie kan waarneem nie; wetenskap wil deur middel van noukeurige en meetbare waarneming kennis bekom en teorieë formuleer.
- Geloof het te make met oortuigings; wetenskap probeer feite vasstel.

Geen wonder dat mense oor geloof en wetenskap in mekaar se hare is nie!
Kom luister en gesels saam oor bogenoemde en verwante sake.

5 Nuwe leiers vir nuwe werklikhede: *Hoe leierskap in ’n missionale konteks en midde-in die nuwe werklikhede van ons tyd ’n verskil kan maak*

25–27 Februarie 2014

Stellenbosch

Nelus Niemandt

Tema en doel

Hierdie kursus is bedoel vir mense wat die belange van hulle gemeente of die Christelike kerk op die hart dra en probeer sin maak van die uitdagings wat veranderende tye aan die kerk stel.

Dit handel oor die soort leierskap wat nodig is om dié uitdagings die hoof te bied. Dit word aangebied vanuit die oortuiging dat die manier waarop die kerk oor leierskap dink en natuurlik die leierskap wat gegee word, van deurslaggewende belang is. In hierdie kursus word gefokus op die nuwe verstaan van missionale kerkwees wat by die Wêreldraad van Kerke in 2013 aan die lig gekom het, en op nuwe insigte oor leierskap wat gemeentes kan help om beter aan te sluit by dit wat God reeds aan die doen is.

Inhoud

In die kursus sal aandag gegee word aan die volgende sake:

- Die nuwe beleidsdokument van die Wêreldraad van Kerke (2013): “Together towards life: Mission and Evangelism in changing contexts”.
- Wat ’n missionale kerk is en hoe die kerk deelneem aan die missionêre beweging van die Drie-enige God.
- Kontoere van leierskap wat deelname aan God se sending aanhelp.
- Die soort spiritualiteit wat hierdie soort leierskap voed en ondersteun.

Uitkomste

Die leraar sal na die tyd:

- Insig hê in die splinternuwe ekumeniese verstaan van die kerk en veral die verstaan van sending en evangelisasie as deelname aan die proses waar God lewe in volheid uitdeel.
- Die konsep van missionale kerk verstaan.
- Insig hê in verskillende leierskapstipes.
- Kontoere van missionale leierskap verstaan en kan toepas op sy/haar bedieningsituasie.
- Nuuskierig wees om self verder te werk aan die soort spiritualiteit wat hierdie soort leierskap voed en ondersteun.

6 Geloofsreis vir Predikante

Tema en doel

Die Geloofsvormingsreis (verkort: Geloofsreis) vir predikante word as ’n VBO kursus deur Communitas in samewerking met die Sentrum vir Geloofsvorming aangebied.

Geloofsvorming is ’n lewenslange reis saam met Jesus. Dit impliseer ’n proses van radikale innerlike transformasie wat uitloop op diens aan die naaste en die skepping.

Geloofsvorming kan verder aan die hand van vier punte omskryf word:

1. Herontdekking

Dallas Willard sê in sy boek, The Divine Conspiracy: “*My hope is to gain a fresh hearing for Jesus, especially among those who believe they already understand Him*”. Geloofsvorming gaan oor ’n “herontdekking” van Jesus en ’n eerstehandse leer leef met Hom.

2. Innerlike transformasie

Die voortdurende innerlike transformasie van ons lewens: “Becoming a new kind of person” (Willard).

3. Groter emosionele gesondheid

’n Baie belangrike aspek van hierdie transformasie is ons innerlike genesing en heling en groter emosionele gesondheid.

4. Liefdesdiens

Geloofsvorming loop altyd uit op liefdesdiens aan jou naaste en die skepping

Die Geloofsreis het ’n aanvanklike curriculum van 3 jaar. Na die aanvanklike 3 jaar word predikante genooi om steeds voort te gaan met die reis.

Geloofsreis Jaar 1

Retraite 1: Emosioneel gesonde spiritualiteit
13–6 Maart 2014

Een die grootste struikelblokke vir ons lewe saam met God is ons gebrek aan selfkennis. In hierdie retraite ontdek ons ons emosionele ongesondheid aan die hand van die werk van Scazerro.

Boeke aanbeveel: Pete Scazzero: *Emotional healthy spirituality* en *Emotional healthy church* (Die laaste een opsioneel)
Werkboek vir Retraite: R50
Begeleier: Gys van Schoor saam met Albertus Louw en Andri Eloff

Retraite 2: Ons het ons misgis met Jesus
19–22 Mei 2014

Ons herontdek saam Jesus se evangelie.

Boeke: NT Wright: *Simply Jesus* en *How God became King*
Werkboek: R50
Begeleier: Gys van Schoor

Retraite 3: Die innerlike reis: vals self vs ware self
15–18 Sep 2014

Groter emosionele heelheid van ons verwonding is van kardinale belang vir geloofsvorming.
Boeke: Basil Pennington: *False Self vs True Self;* Brennan Manning: *Abba’s Child*
Werkboek: R100
Begeleiers: Gys van Schoor en Pierre Goosen

Geloofsreis Jaar 2

Retraite 4: MBTI

3–6 Maart 2014

Hier word na die skadukante van die MBTI gekyk. Dit is die deel van die MBTI waarvan ons die minste weet. Weereens word hier gefokus op selfkennis.
Notas: R50
Begeleier: Dr George Roux

Retraite 5: Dissipelskap en Geloofsvorming
29 Sep – 2 Okt 2014

Dallas Willard help ons met ons eie Dissipelskap en Geloofsvorming
Boek: Dallas Willard: *The Great Omission*
Notas: R50
Begeleier: Gys van Schoor

Geloofsreis Jaar 3

Retraite 6: Kontemplatiewe Spiritualiteit
17–20 Feb 2014

Willem lei ons in die kontemplatiewe wêreld in.
Begeleier: Willem Nicol
Notas R70

Retraite 7: Die praktiese implikasies van die Geloofsreis vir jou bediening
17–20 Nov 2014

Hier word nagedink oor die implikasies van die Geloofsreis vir die breër kerk, maar veral vir jou gemeente.
Begeleiers: Gys van Schoor en Frederick Marais

Vir mense wat verder reis na die 3 jaar is daar 2 stoppe:
Stop 1: Seisoene van die siel
10–13 Maart 2014

Riaan hanteer sy boekie oor spiritualiteit.
Begeleier: Riaan van der Merwe

Stop 2: Stilte retraite
24–30 Nov 2013

Begeleier: Riaan van der Merwe

7 Entrepreneurskap en Finansiële Intelligensie

4–5 Maart 2014
Stellenbosch
Gerhard Botha

Uitkoms
Deelnemers aan hierdie werkswinkel sal aan die einde ’n beter begrip hê t.o.v. hul eie ingesteldheid t.o.v. die finansiële werklikhede binne die bediening. Hierdie ingesteldheid het onmiddellike, direkte en indirekte gevolge op elkeen se persoonlike finansiële situasie asook die gemeente se finansies. Hierdie ingesteldheid is bepalend in die indiwidu en gemeente se entrepreneuriese potensiaal en vermoë. Deelnemers sal kennis neem van die moontlikhede wat ’n entrepreneuriese ingesteldheid tot gevolg kan hê.

Die bekendstelling aan finansiële vaardighede en die kennis neem van persoonlik finansiële intelligensie, sal deelnemers in staat stel om hierdie aspek van die bediening beter te verstaan en te integreer in breë bedieningsprosesse.

Inrigting van kursus
Die kursus neem die vorm van ’n werkswinkel aan waar die deelnemers in klein groepe spesifieke take sal uitvoer en doelwitte moet bereik. Dit sou ook as ’n proses of ’n reis, deur die deelnemer se finansiële werklikheid, beskou kan word.

Aspekte wat aandag geniet:
- Skriftuurlike vertrekpunte
- Finansiële werklikhede van vandag in oënskou
- Persoonlike “geld-verhaal”
- Gesindheid t.o.v. geld
- Inligting oor die entrepreneuriese wêreld en wetenskap
- Gemeentelike en persoonlike entrepreneurskap
- Gemeentelike en persoonlike begroting en finansiële bestuur
- Oorleef en beheer die skuldspiraal
- Praktiese finansiële beplanning
- Ander beroepsmoontlikhede
- Entrepreneuriese roetekaart

Voorbereiding

Van die deelnemers sal verwag word om:
- ’n persoonlike en gemeente-begroting vir hulle eie verwysing saam te bring ten einde opdrag vir tweede dag te kan voltooi.
- ’n persoonlike finansiële verhaal te vertel met inbegrip van ’n finansiële tydlyn. Meer riglyne hieroor ten tye van die werkswinkel.

8 Geroep en gestuur: *Hoe om missionêre bewustheid in ons gemeentes te verhoog*

11–13 Maart
Stellenbosch
Gordon Crowther, Philip Botha en Peter Adams

Tema en doel

Daar is tans ’n groeiende konsensus in die kerk – feitlik regoor die wêreld – dat gemeentes veel meer missionaal moet leef. ’n Kerk wat op sigself ingestel is, is siek; die kerk en sy bediening moet gerig wees op die omringende omgewing.

In hierdie kursus gaan gefokus word op maniere waarop ons gemeentes kan help om hierdie diep kultuurskuif van selfgerigte instandhouding na ’n sterk missionale bediening te begin maak.

Inhoud

In die kursus sal aandag gegee word aan die volgende sake:

- Wat die Bybel ons leer oor die kerk en sy bediening.
- Hoe die kerk inpas in die missionêre beweging van die Drie-enige God.
- Hoe ons meer bewus kan raak van die Here se teenwoordigheid by ons en sy voortgaande werk in ons en in ons omgewing.
- Hoe ons lidmate kan help om meer missionaal te begin leef.

In die kursus word aangesluit by die werk van die *Fresh Expressions Movement* in die Verenigde Koninkryk Onder andere sal hul gewilde gemeentekursus oor missionale bewustheid verduidelik word en beskikbaar gemaak word vir aanbieding in gemeentes.

Uitkomste

Die leraar sal na die tyd:

- Verstaan dat die kerk in sy diepste aard missionêr is en sal dit aan mense kan verduidelik;
- Verstaan dat die kerk se missie saamhang met die feit dat ons behoort aan die Drie-enige God en daarom deel is van die Missio Dei; en
- Die Fresh Expression kursus kan aanbied.

9 Om opnuut “Ja” te sê vir ons roeping en werk: *Helende gesprekke oor die Bediening*

18–20 Maart 2014
Stellenbosch
Pieter Grove & Coenie Burger

_____

Inleiding

Die doel van die kursus is om predikante te help om doelgerig verantwoordelikheid te neem vir hul persoonlike groei in die uitleef van hul roeping in die bediening, deur geleentheid te skep vir selfontdekking en groter selfbewussyn.

In hierdie kursus kry elke kursusganger geleentheid om bewustelik met sy of haar persoonlike en unieke roepingsverhaal te werk en moontlik tot nuwe selfverstaan of insig te kom. Die kursus is nie ingestel op *nuwe inligting* of *kennis* wat oorgedra of aangeleer moet word nie, maar eerder bedoel om *reflekterend* om te gaan met die individu se persoonlike roeping – God wat ons geroep het, na wie ons geroep is en waarom ons geroep is.

Daar sal baie geleentheid wees om te vertel wat in jou lewe tot dusver gebeur het en hoe jy dink om jou lewe en roeping vorentoe uit te leef. Die gesprekke wil geleenthede skep waar elke deelnemer nie net kan reflekteer oor sy of haar roeping nie, maar ook kan nadink oor die volgende vyf tot tien jaar in die uitleef daarvan.

Daar sal ook tyd wees vir persoonlike joernaalskryf, refleksie en nadenke.

Die werkboek is verdeel in werksessies, met ruim plek vir persoonlike notas. Gebruik die boek vir persoonlike refleksies, nadenke en leermomente en om beplanning te doen vir die uitleef van jou roeping in die toekoms.

Ons vertrou dat jy die innerlike reis in jou eie en ander se roepingsverhale lonend, uitdagend en as ’n opbouende ervaring sal beleef.

Teen die einde van die poortgesprek behoort elke gespreksdeelnemer:

- Sy of haar eie roepingsverhaal opnuut te vier.
- ’n Nuwe waardering vir jou eie roeping te beleef.
- Nuut te dink oor Wie jou geroep het en waarom.
- Met nuwe motivering terug te gaan na die mense en gemeente na wie jy geroep is.
- Groter duidelikheid te hê oor hoe Communitas en Ekklesia se kursusse
- jou kan help om te groei in die uitleef van jou roeping.
- Deel te voel van ’n groep leiers wat dieselfde uitdagings beleef.
- Opnuut bewus te wees van wie jy is as geestelike leier en waarom
- jy op die spesifieke plek in jou lewe is.
- Na te dink oor wat jou verhinder om jou roeping optimaal uit te leef.

Boeke aanbeveel:

Marva Dawn: *The sense of the call*

Eugene Petersen: *Christ plays in Ten Thousand Places*

10 Gevorderde Sertifikaat in Bedieningsvernuwing

Bedoeling met die kursus:

- ’n Intensiewe bedieningsvernuwingskursus wat leraars wil help om op ’n dieper en grondiger vlak geheroriënteer te word t.o.v. hulle bediening. Daarom word die kursus in ’n formaat van nege blokke (van 3–4 dae) oor die loop van drie jaar gedoen.
- Dit wil inklusief werk m.a.w. teologie, vaardighede, houdings, roepingsbewustheid en spiritualiteit, ens bevorder; die kursus sal nuwe insigte gee, maar ook baie prakties wees en mense help om innoverend te werk.
- Die struktuur van die M Th kursus word as ’n vertrekpunt geneem. Die verskil is dat daar nie ’n skripsie geskryf word nie. Om kursusgangers dieper aan die dink en werk te kry word o.a. ’n joernaal gebruik. Dit sou ook goed wees as mense in die aanloop na die blok en vir die afloop bepaalde gemeentetake het om te doen (dalk in groepe).
- Hierdie ’n gesamentlike projek van die drie VBO-sentra.

Kursus 1:

10a Om die tye en geleenthede te verstaan – *ons konteks en roeping in SA*

20–22 Mei 2014
Coenie Burger e.a.

In die eerste drie-dag-module gaan ons ’n tree terug gee en veral na drie sake kyk:

1. Hoe moet ons dink ons oor die Christendom in Afrika? Is ons raadop of glo ons saam met baie mense dat die Christendom ’n besondere rol te speel het in die toekoms van ons kontinent?
2. As dit so is, wat is die sentrale uitdagings wat nou vir die kerke in ons land voorlê? Ons gaan goed kyk na die SA konteks en saamdink oor die roeping van die kerk nóú.
3. Het ons genoeg entoesiasme vir ons werk? As ons dit nie het nie, hoe kry mens dit? Ons gaan aandag gee aan die belangrikheid van roeping en visie en kyk na die anatomie van Hoop.

Kursus 2:

10b Gemeentelike Ekklesiologie

26–28 Augustus 2014
Frederick Marais & Ian Nell

In die kursus word gekyk na die belangrikheid van missionale gemeentes.

1. Daar sal aandag gegee word aan hoe ’n mens ’n gemeente-analise doen om agter te kom wat regtig in ’n gemeente gebeur.
2. Daar sal ook saam gekyk word na Bybelse ekklesia.
3. Ons kyk ook na wat gemeentes kan wees en doen.

Kursus 3:

10c Triniteit, Missio Dei en die Plot van die Evangelie

21–23 Oktober 2014
Coenie Burger & Marius Nel

In hierdie kursus kyk ons na die Evangelie waarin ons glo. Daar word op 3 temas gefokus:

- Jesus en die Plot van die Evangelie;
- die Trinitariese God van die Bybel; en
- die Missio Dei.

’n Uitvoeriger inligtingstuk oor die kursusse is tans in voorbereiding en word later uitgestuur.

11 ’n Nuwe blik op Paulus: *’n Inleiding tot hedendaagse interpretasies van Paulus se boodskap en sy kommunikasie daarvan*

8–9 April 2014
Stellenbosch
Elna Mouton, Jeremy Punt, Francois Wessels

Tema en doel
Om kursusgangers op hoogte te bring van:

- Drie nuwe interpretasie-modelle waarmee Paulus verstaan word
- Die uitdagings en interpretasiemoontlikhede van die Pauliniese huistafels
- Paulus oor mag in die konteks van die Romeinse Ryk: Toe en nou

Inhoud

Daar is tans ’n boeiende gesprek aan die gang oor hoe Paulus gelees moet word. Is die kritiek teen die “Lutherse” interpretasie geldig? Wat is die alternatiewe? Is daar iets soos ’n “Calvinistiese” interpretasie van Paulus? Is daar iets soos ’n “sleutel” om die Paulus-briewe mee oop te sluit? Wat is die bydraes van Nuwe Testamentici soos NT Wright en Douglas Campbell tot hierdie gesprek?

Tweedens sal gekyk word na die hantering van die sogenaamde “huistafels”, byvoorbeeld in Efesiërs en Kolossense en die vraag sal gevra word – hoe behoort ons hierdie gedeeltes te lees en toe te pas in ons prediking?

Derdens sal Paulus se hantering van mag aan die orde kom: Hoe het Paulus mag gebruik in sy argumentasie met die lesers van sy briewe? Wat was die sosio-historiese agtergrond van Paulus se manier van argumenteer? En wat is die implikasies hiervan vir ons vandag?

In die kursus sal aandag gegee word aan die volgende sake:

- Drie interpretasiemodelle en Romeine 1–11
- Wat was die eintlike kwessie in Galasiërs?
- Hoe moet ons die “huistafels” in Efesiërs en Kolossense lees?
- Hantering van mag in Paulus se briewe.

Uitkomste

Die leraar sal na die tyd:

- ’n Beter insig hê van die verskillende moontlikhede om Paulus mee te interpreteer.
- ’n Beter insig hê in die huistafels en hulle moontlikhede vir die prediking.
- ’n Beter insig hê in hantering van mag deur Paulus en insig hê in watter rol mag in ons verhoudings moet speel, indien enige.
- Drie preeksketse oor gedeeltes uit die Paulus-briewe.

12 PEAK Leadership ~ Deel 2

Jannie le Roux & Peet Bester
Groenland
14-16 April 2014

’n Voortsetting van die kursus waarvan Deel 1 op 18-20 Februarie 2014 plaasgevind het.

13 Gelukkige Aftrede – *deur ’n nuwe toekoms te skep*

22–24 April 2014
Stellenbosch
Kenny Raats en Deon Bruwer

Naderende aftrede laat niemand sonder die een of ander emosionele reaksie nie. Moontlik is jy baie opgewonde en sien jy uit na die idee van aftrede; of jy mag die onafwendbare verandering wat dié nuwe lewensfase gaan bring, vrees – jy mag selfs onaangeraak en apaties staan teenoor jou eie aftrede.

Watter posisie jy ookal neem, aftrede is een van die mees belangrike lewensoorgange wat noodwendig drastiese veranderinge in jou lewe gaan bring. Voorbereiding op ’n persoonlike en emosionele vlak vir hierdie veranderingsgebeure kry meestal nie die nodige aandag nie en word verwaarloos. Baie mense wat reeds deur hierdie proses is, sal getuig dat toepaslike emosionele beplanning hulle beter sou voorberei het en ook beter deur die proses sou gehelp het.

Die NGK wil aan jou die geleentheid gee om op verantwoordelike wyse voor te berei vir jou aftrede deur aan jou die geleentheid te gee om jou persoonlike reis na hierdie nuwe lewensfase te beplan deur die *Gelukkige Aftrede-Seminare*.

- Die program is daarop gerig om jou *selfverstaan* en *selfbewussyn* teen die agtergrond van jou *geloofservaring* te verdiep.
- Die program sal moontlik gebruik maak van jou unieke persoonlikheidsamestelling en -spiritualiteit vir die ontwikkeling van jou persoonlike program vir die bestuur van jou unieke aftredeplan.
- Deelnemers sal ’n evaluering maak van hulle persoonlike gereedheid vir aftrede, dit sal hulle sensitief maak vir moontlike slaggate en persoonlike gevaartekens, maar jou ook herinner aan jou individuele sterktes en talente.
- Hierdie seminare sal ’n ruimte skep waar elke deelnemer self kan evalueer hoe sy/haar huidige scenario lyk en ook die geleentheid bied om die unieke reis in hierdie nuwe landskap te skets deur realistiese en praktiese doelstellings en beplanning.
- Deelnemers sal praktiese vaardighede leer vir ’n gebalanseerde lewenstyl in hierdie nuwe lewensfase *waar jou professie nie meer die bepalende faktor vir jou identiteit is nie.*

Die doel van die program is:

Om ’n persoonlike, geïndividualiseerde, omvattende en praktiese strategiese plan vir aftrede te ontwikkel wat sal bydra tot ’n gesonde en gladde oorgang na hierdie nuwe lewensfase, wat sal uitmond in ’n gelukkige en vervulde aftrede.

14 Familiebediening? *Hoe werk dit in huishoudings, in gemeentes, in die skool en as ’n missionêre metodiek*

22–24 April 2014
Stellenbosch
Deon Kitching, Gielie Loubser, Anriëtte de Ridder & Denvor Wagenaar

---

Tema en doel

Ons gaan praat oor die A–Z van familiebediening, en oor ouerskap en hoe jy dit prakties maak in jou verskillende aktiwiteite

Inhoud/aktiwiteite van elke sessie

Die insette gaan soos volg verdeel word:

- 50% van die kursus sal formele insette wees rondom teorie en inhoud.
- 25% word hanteer as praktiese inoefeningsgeleenthede tydens die sessies, groepsdiskussie en persoonlike bydraes.
- 25% word gebruik vir die ontwerp van jou eie strategie met die oog op opleiding van kategete in jou eie geografiese konteks of ring.

Temas

Die volgende temas sal behandel word:

1. Families leef vandag 'n komplekse samelewing. Waarvoor moet ons sensitief wees? 'n Vinnige kykie na die navorsing oor familiebediening die afgelope 30 jaar. Waarmee moet ons werk? VYF BELANGRIKE UITGANSPUNTE OM TE ONTHOU.
2. Die teologiese verstaan van geloofsvorming in gemeentes en huishoudings. "Where Christ is present in faith, the home is church too!" VYF BEGINSELS
3. "Family Ministry is not a program; it is an attitude". RIGLYNE vir gemeente-wees as familie-wees.
4. 'n Omgee-leefstyl. Help families om 'n eie familie-spiritualiteit te ontdek en te laat groei.
5. Rituele en tradisies in gemeentes en families waarin mylpaalbedieninge kan groei .
6. Kampbediening en familiebediening. Gebruik jou kampbediening as momente van diens waarin 'n inter-generatiewe benadering lei tot die beste integrasie van diens en familiebediening.
7. Eredienste in die gemeente en in die huishouding. Ontwikkel 'n strategie om die eredienste in huise te laat aansluit by die eredienste van die gemeente. 'n Familiebediening-netwerk wat gedryf word deur hulpmiddels en sosiale media.

   OF HERHALING VAN

   Eredienste gerig op kinders en jongmense: Die gebruik van rituele en tradisies wat aansluit by die narratiewe lees van die Bybelleesrooster (leksikon), met die oog op geloofsvorming. VYF PILARE OM GEREELD aan te bou.
8. Familiebediening en kategese
9. Intensionele ouerskap en familiebediening. Toerusting van ouers om die geloofvorming van hulle kinders in die praktyk te laat grondvat. Praktiese riglyne.
10. Gestuurde Families en/as Gestuurde Gemeentes. Leef die visie van "gestuurdheid" in jou familie. Wat beteken dit?

15 Triniteit, Evangelie en die Missio Dei – *waar alle bediening begin*

6–8 Mei 2014
Hartenbos
Coenie Burger

_____

Inhoud en Uitkomste

In hierdie kursus gaan

- ’n oorsig gegee word oor die debat;
- gekyk word na van die belangrikste positiewe uitkomste van die gesprek en
- die implikasies wat dit het vir ons kerk-wees en vir ons denke oor gemeentes.

Tema en doel

Een van die opwindendste en mees positiewe teologiese ontwikkelings van die laaste paar dekades is die sterk belangstelling in Trinitariese Teologie.

Van die beste teologiese boeke wat die laaste tyd verskyn het, handel juis oor hierdie tema.

Uit die gesprekke oor die Triniteit word dit duidelik dat hierdie allesbehalwe ’n bloot teoretiese of spekulatiewe debat is, maar ’n debat wat deurslaggewende implikasies het vir die kerk en vir die lewe van die kerk en gelowiges.

16 Nuwe Groei en Vrug – *om jou visie en passie weer aan te vuur*

6-8 Mei 2014
Stellenbosch
Dirkie van der Spuy

Tema en doel
Die Moreletapark Assosiasie (***MPA***) bied reeds die afgelope 3 jaar 'n program van ondersteuning aan om leraars toe te rus om nuwe groei en vrug in hulle persoonlike lewe en in hulle gemeentes te vind. Deur hierdie leiersbyeenkomste het hulle gesien hoe gemeentes verander nadat leraars se diepste behoeftes vervul is en harte opnuut aan die brand geraak het met 'n nuwe passie en 'n visie van wat God wil doen in elke gemeente.

Inhoud
Die program wil leraars help om 'n breë perspektief te kry van die behoeftes wat daar in die kerk en in leraars bestaan. Onderwerpe soos "Die Woestynpad" en "Vergifnis en Vryspraak" wil leiers help om vry te kom van bagasie en nuwe vreugde en innerlike vrede te vind.

'n Tema soos "Leierskap" wil leraars help om meer effektief leiding te neem en 'n groter verskil in mense se lewens te maak. Praktiese sake soos '"n Gebalanseerde lewe" wil die werk van predikant-wees 'n lekkerder ervaring maak.

Miskien is die bespreking oor "Die werk en toerusting van die Heilige Gees" die belangrikste onderwerp wat leraars help om met groter krag en invloed hulle bediening te doen.

Uitkomste
Die kursus is gerig op die praktyk en wil leraars bemoedig en met nuwe entoesiasme en visie toerus om God se wil vir hulle gemeentes beter te laat realiseer.

Uiteindelik is die MPA se gebed: "dat elke leraar 'n nuwe ontmoeting met die Here sal ervaar wat verseker nuwe blydskap, groei en vrug gaan bring".

Boeke
Die volgende twee boeke sal as basis vir die kursus dien:

1. ***Wanneer die Heilige Gees Werk***. Dirkie van der Spuy. Struik 2012
2. ***Leierskap sonder grense*****.** Dirkie van der Spuy. Struik. 2010

17 Winterskool 2014

Christus die Hoop vir Afrika – *die volgende 20 jaar*

10-12 Junie 2014
Stellenbosch

Hoofsprekers: Mvumi Dandala, Marlene le Roux & Dion Forster

18 Op weg na Multikulturele Gemeentewees!

22–23 Julie 2014
Stellenbosch
Communitas/KGA/Hugenote Kollege

Begripsverheldering
Alle gemeentes is in ’n mindere of meerdere mate multikultureel omdat alle gemeentes verskillende “groepe” wat bepaalde kulturele kenmerke het, mag in insluit soos bv. lidmate van verskillende generasies, geslagte, klasse en moedertale.

Vir die doeleindes van die vooraf navorsing en die konferensie is etnisiteit, taal en ras egter die belangrikste merkers vir ’n multikulturele gemeente. Gemeentes wie se meelewende lidmate nie mense van verskillende etniese agtergrond, of taal of ras insluit nie, word nie gereken as multikulturele gemeentes nie.

Teikengroep
Enige leier of lidmaat van die NG Familie; Leiers van multikulturele gemeentes; Leierskap van die Sinodes, Communitas en KGA in die Wes- en Suid-Kaap.

Struktuur van die konferensie
Vooraf
Die konferensie word voorafgegaan deur navorsing oor die huidige stand van sake in die NG Familie met betrekking tot multikulturele gemeentes. Die bedoeling met die navorsing is om ’n kykie te kry oor die demografiese verspreiding en aard van multikulturele gemeentes; die faktore wat die funksionering bevorder of belemmer; en die behoeftes en probleme van multikulturele gemeentes in verskillende stadia van ontwikkeling.

Konferensie
Na die konferensie sal die deelnemers met die hulp van verskeie kundiges:

1. In staat wees om die huidige stand van sake t.o.v. multikulturele gemeentes in die NG Familie in die Wes-en Suidkaap in breë trekke te beskryf;
2. Die konkrete aard en praktyk van multikulturele gemeentewees in die NG Familie in die lig van die Bybels-teologiese fundering van multikulturele gemeentewees, bespreek het;
3. Bemagtig wees t.o.v. enkele konkrete praktiese uitdagings van multikulturele gemeentewees.

Na die konferensie
Drie werkswinkels in die daaropvolgende drie maande wat fokus op praktiese bedienings-uitdagings van multikulturele gemeentes word by verskillende plekke aangebied.

19 Geluk: Deugde-in-Praktyk om te Floreer
VBO-kursus oor "happiness"

29–31 Julie 2014
Stellenbosch
Marius Ungerer & Jannie le Roux

Die kursus wil predikante, jeugwerkers, gemeenteleiers toerus om hulleself en diegene met wie hulle werk te begelei in die verstaan en belewing van geluk as vreugde en welstand ("well-being"). Die ontploffing van navorsing en literatuur oor "happiness" en die opbloei van die Positive Psychology dui op 'n positiewe beweging waarvan leiers moet kennis neem en implementeer vir hulle eie lewensblyheid sowel as vir dié van die gemeenskappe wie hulle lei.

Hierdie lens gee 'n innoverende manier om te kyk na die geloofslewe in praktyk en help met die Johannes 10:10 perspektief – "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."

- Deelnemers word bekendgestel aan die baanbrekerswerk van Christopher Peterson en Martin E Seligman wat 'n raamwerk gee van meta-vaardighede en universele deugde. Bv: *Lewenslus* ("zest") en *hoop* is twee van die meta-vaardighede wat veerkragtigheid ("resilience") vir lewens-satisfaksie bevorder.
- Onderskei tussen verskillende vorme van geluk.
- 'n Gesprek word gelei oor: God en die kuns van geluk.
- Toepaslike videogrepe word gewys en die skakels verskaf vir eie aanbiedings.
- Elkeen word blootgestel aan reflektiewe rituele wat hierdie meta-vaardighede en universele deugde help integreer deur ervaring.

Die uitkoms is die lewenshouding van oorvloed, integrasie van vreugde, en om die kursusgangers te bemagtig om die materiaal aan te bied in eie konteks.

Die voorgeskrewe boek is ***Leadership for all – virtue practices to flourish*** (Marius Ungerer, Johan Herholdt en Jannie le Roux).

Elke deelnemer moet die boek kry, want dit is die kursushandleiding. Die koste hiervan is ingesluit by die kursusfooi.

20 Doop en Bediening: *Ontvang wat vir julle gegee is*

5–7 Augustus 2014
Stellenbosch
Coenie Burger & Andries Cilliers

Tema en doel

Hierdie kursus is bedoel as ’n opvolg van die Doopkursus wat drie jaar gelede aangebied is. In die vorige kursus is heelwat aandag gegee aan die vrae en probleme rondom die Doop.

In hierdie kursus gaan die klem eerder val op wat die kerke in gemeen het en hoe ons aan die Doop die regmatige plek wat dit verdien in ons bediening kan gee.

Ons gaan ons uitgangspunt neem in die hoog-gewaardeerde ekumeniese studie Baptism, Eucahrist and Ministry en fokus op die vyf betekenisse van die Doop waaroor hulle ekumeniese konsensus by ’n groot klomp kerke kon kry.

Waar die vorige kursus meer op dogmatiek gefokus het, gaan hierdie een meer aandag gee aan praktiese sake soos geloofsformasie, liturgie en bediening.

Inhoud en Uitkomste

Daar sal in die kursus spesifieke aandag gegee word aan:

- **A.** Die bybels-teologiese vrae oor die doop.
- **B.** Die BEM-studie en die bevindings van die studie.
- **C.** Hoe ons aan die Doop ’n regmatige plek in ons gemeenste en bedienings kan gee.
- **D.** Daar sal ook aandag gegee word aan spesifieke praktiese programme (bv. ’n 40-dae-kursus) en aan liturgiese riglyne.

21 Om te hoor, te voel ... en te sien: *Die kreatiewe gebruik van die geskrewe woord*

19–20 Augustus 2014
Stellenbosch
Len Hansen & Estelle Steenkamp

Tema en doel

Die beroemde skrywer Joseph Conrad (1857–1924) (*Heart of Darkness, Lord Jim*) het op ’n keer oor sy taak as skrywer gesê: “My task is to make you hear, to make you feel, and, above all, to make you see. That is all, and it is everything.” Om te lees is om te hoor, te voel en bo alles om (anders) te sien. Die funksie van enige geskrewe teks, net soos met die gepredikte Woord, is om te kommunikeer met die doel om te inspireer; om taal so te gebruik dat die leser nie sal wonder wat die skrywer wou sê nie. Die geskrewe woord is daarom ’n magtige, effektiewe en uiters kreatiewe hulpmiddel in die bediening in gemeentes en verder – te meer nog omdat tegnologiese vooruitgang die moontlikhede en reikwydte daarvan voortdurend vergroot. Dit is egter ook ’n kuns waarvoor kennis en vaardighede noodsaaklik is.

Hierdie kursus is gemik op enige lidmaat of predikant wat die gebruik van die geskrewe woord deel van sy of haar bediening wil maak, wat die nodige vaardighede daarvoor wil aanleer of wil verfyn.

Inhoud

In die kursus sal aandag gegee word aan die volgende sake:

- Met watter doel skryf jy? Wie is jou lesers? Wat is die mees gepaste genre (blogs, gemeentebriewe, oordenkings, dagstukkies, kortverhale, romans, akademiese skryfwerk, ens.) vir hierdie doel en hierdie gehoor?
- Hoe begin mens skryf, waar kry jy idees? Skrywersblok.
- Elemente van goeie skryfwerk. Tegniese vaardighede en hulpmiddels.
- Die etiek van skryf – die sensitiwiteit vir gepaste humor, geskikte taal en styl, die verskil tussen eie stories en ander se stories.
- Wat gemaak met jou skryfwerk? Die proses van skryf tot publikasie.

Uitkomste

Deelnemers sal na die tyd verstaan hoe om:

- te besluit vir watter tipe gehoor geskryf gaan word, wat die mees gepaste genre daarvoor is, en waar persoonlike sterk- en swakpunte lê met betrekking tot die gekose genre;
- tegniese vaardighede te verwerf en verstaan hoe om toegang tot hulpmiddels te verkry en te gebruik;
- die pad tot publikasie te volg en struikelblokke om te vermy;
- op ’n eties-verantwoordelike manier te skryf.

22 Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) – *wat gaan die Kerke daarmee maak?*

19–21 Augustus 2014

Pieter Grove

Stellenbosch

Die NOP is onder meer daarop gemik om armoede uit te wis en ongelykheid teen 2030 te verminder. Suid-Afrika kan hierdie doelwitte verwesenlik deur te put uit die energie van sy mense, 'n inklusiewe ekonomie te ontwikkel, die kapasiteit van die staat te verbeter en leierskap op alle vlakke van die samelewing aan te moedig.

In die NDP word 9 primêre uitdagings vir Suid-Afrika geïdentifiseer:

1. Te min mense werk.
2. Die kwaliteit van skoolopvoeding vir swart mense is swak.
3. Infrastruktuur is sleg geleë, onvoldoende of swak in stand gehou.
4. Ruimtelike verdelings belemmer inklusiewe ontwikkeling.
5. Die ekonomie is onvolhoubaar hulpbron-intensief.
6. Die openbare gesondheidsektor kan nie voldoen in die vraag nie of kwaliteit verseker nie
7. Openbare dienste is ongelyk en dikwels van swak gehalte.
8. Vlakke van korrupsie is hoog.
9. Suid-Afrika bly 'n verdeelde samelewing.

Om hierdie uitdagings die hoof te bied het die NOP ses prioriteite geïdentifiseer:

1. Om Suid-Afrikaners rondom een gemeenskaplike program te verenig om voorspoed en gelykheid te bewerkstellig.
2. Om aktiewe burgerskap te bevorder om ontwikkeling, demokrasie en verantwoordbaarheid te versterk.
3. Teweegbring van vinniger ekonomiese groei, meer investering en groter opname in arbeidsmag.
4. Om te fokus op die vermoëns van die staat en samelewing.
5. Die bou van 'n bekwame en ontwikkelende staat.
6. Die aanmoediging van sterk leierskap op alle vlakke van die samelewing om saam te werk om probleme op te los.

23 Padlangs Ouerskap

2–4 September 2014
Stellenbosch
Gielie Loubser & Jan van Zyl

Wat met deelnemers gebeur
Die doel van die kursus is om ouers te begelei in deelnemende positiewe ouerskap. Ouers word toegerus met gereedskap om hulle te help om ’n veilige ruimte te skep waar elkeen in die gesin die geleentheid kry om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel. Kinders word ook geleer om self verantwoordelikheid vir hulle gedrag te neem. In die proses waar kinders geleer word om keuses te maak, leer hulle selfstandigheid. Die einddoel is ’n plek waar almal in die gesin gelukkig en tevrede is. Hierdie kursus word spesifiek so ingerig dat deelnemers toegerus word om die kursus self te gaan aanbied.

Inrigting van kursus
Die kursus word ingerig dat deelnemers toegerus word om die kursus self te gaan aanbied nadat hulle die inhoud met hulle eie gesin en drie ander gesinne oor ’n tydperk van ’n kwartaal gaan inoefen het.

Inhoud van kursus
Vaardighede en gereedskap wat deelnemers ontvang:

- om die belangrikheid van kwaliteit-tyd te besef;
- hoe om empaties te wees – hier word verskeie kommunikasie-vaardighede aangeleer soos om te eggo, hoe om kinders se emosies te erken, refleksiewe luister;
- positiewe geloofwaardige terugvoer;
- nie-bedreigende kommunikasie;
- ek-boodskappe;
- dissipline en
- hoe om ’n huisvergadering in te rig.

Die bou van verhoudings speel ’n belangrike rol, asook die vestiging van waardes en die leef daarvan.

Deelnemers word toegerus met vaardighede wat hulle in staat stel om die positiewe deelnemende ouerskap-vaardighede in hulle eie lewe te gaan toepas en om die kursus in hulle gemeente aan te bied.

24 Die Patos van Prediking – *'n Praktiese kursus oor die prediking*

16–18 September 2014
Stellenbosch
Johan Cilliers & Ian Nell

Tema en doel

Die vraag wat ons in hierdie kursus interesseer, is die vraag na die **eie aard van die prediking**. Wat gebeur as ’n mens preek? Ons werk met die Woord van God, maar ons weet dat die proses om hierdie goddelike Woord te ontrafel, in ’n nuwe vorm te giet en uiteindelik voor te dra ’n menslike proses is. Dis iets wat tegelyk ’n kruis, ongelooflike moeite en harde werk is en terselfdertyd iets wat nie die produk is van ons harde werk nie.

Ons dink ook verder na oor: ***Wat gebeur as ’n mens preek?*** ’n Mens kan ook die vraag vra: hoe praat God deur die stem van die prediker? Of ’n mens kan dit andersom vra: Hoe kommunikeer die prediker die stem van God?

Die rede hoekom dit belangrik is, is omdat die antwoord op die “wat” van die prediking die “hoe” daarvan ingrypend beïnvloed. Alles wat ons kan praat oor die konteks waarin ons onsself bevind, alle spreke oor kreatiwiteit in die prediking rus ten diepste in hierdie verstaan van wat gebeur as ’n mens preek.

Inhoud

- Hoe gaan dit met die prediking in ons gemeentes? En met ons as predikers?
- 'n Kort inleiding oor die homiletiese situasie: Wat gaan aan in die wêreld waarin ons moet preek en wie is die mense vir wie ons preek?
- Na 'n kort inset van elemente van 'n preekverhaal, kry kursusgangers geleentheid om hul eie preekverhaal te vertel – sterk punte en leemtes word ontdek rondom die "ek" in die prediking
- Wat is die ideaal? Wat kan prediking doen? Wat kan dit nie doen nie? Wat verstaan ons onder prediking? Teologie van die prediking.
- Wat leer ons uit die Joodse en vroeg Christelike tradisie in verband met die prediking? Watter rol het prediking in die Nuwe Testament gespeel?
- Wat is 'n geloofwaardige respons? Hoe maak ons skuiwe? 'n Preekmaakmetode. Aandag aan vormgewing in die preek.

Uitkomste

Die leraar sal na die tyd:

- ’n Beter begrip vir die homiletiese situasie hê en wie die mense is vir wie ons preek.
- Verstaan wat die eie aard van die prediking is en wat gebeur as ’n mens preek.
- Beter insig hê in die rol wat die prediking in die vroeë kerk gespeel het.
- Groter duidelikheid hê oor ’n preekmaakmetode en aandag vir die vormgewing van die prediking.

Sentrum vir Predikante-Begeleiding

18 – 20 Maart 2014
17 – 19 Jun 2014
26 – 28 Aug 2014
21 – 23 Okt 2014
Mooi Hawens, Bettiesbaai
Pierre Goosen, Theunis Botha e.a.

Die aanpak van die Sentrum vir Predikante-Begeleiding is om 'n veilige, nie bedreigende ruimte te skep waarbinne predikante hulleself aan 'n proses van evaluering en begeleiding kan blootstel en waarin hulle mede-"skrywers" is aan die evaluering en begeleiding.

Die fokus is op die bevoegdhede wat nodig is vir predikante in die bediening en die gepaardgaande vaardighede wat nodig is om hierdie bevoegdhede uit te leef. Dit gaan in die Sentrum oor die evaluering van sigbare praktiese gedrag wat tydens rollespel waargeneem word en waarop jy, in 'n veilige ruimte, onmiddellike terugvoer ontvang.

Daar word op nege (uit 'n totaal van nege-en-twintig) bevoegdhede in die proses gefokus. Elke bevoegdheid het drie vlakke (van vaardighede) waaraan die predikante geëvalueer word.

100 Dae Geloofsgewoonte reis

4–5 Maart 2014
Ring van Clanwilliam
13–14 Mei,
5–6 Aug 2014,
28–29 Okt 2014
Schoonstadt, Constantia
Riaan van der Merwe & Pierre Goosen

Tydens dié geleentheid word die deelnemers bekend gestel aan spirituele, emosionele en fisiese (oefening en dieet) gewoontes.

Persone maak hul eie keuses op grond van hul eie unieke samestelling en omstandighede. Elke persoon "werk" binne 'n verantwoordbaarheidsgroep van vier vir die volgende 100 dae.

Vir meer inligting oor beide bogenoemde programme, kontak:
Adrienne Bester – Admin. beampte/Sekretaresse: **Sinodale Taakspan Predikantebegeleiding (STP)**
Tel. 021-808 3382 , epos: bestera@sun.ac.za

PRAKTIESE REËLINGS VIR WES- EN SUID-KAAPLAND

Kerkraad en Ring se verantwoordelikheid

- Dit kan van groot waarde wees as daar gereeld gesprek plaasvind tussen predikante en gemeente-leiers oor die nut van kursusse vir beide predikant en gemeente.
- Dit kan baie help as gemeentes ’n stelsel van rekordhouding ontwikkel om die inligting aan die Kerk-raad voor te lê.
- Die Kerkraad moet dié inligting jaarliks aan die Ring voorgelê.

Kostes

- Ons probeer kursusse so bekostigbaar as moontlik maak. Party kursusse is duurder om aan te bied en deelnemers moet dan ekstra uitgawes help dek.
- Die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland se aanbeveling is tans dat gemeentes jaarliks, in Maart, R1 200 per predikant tot die VBO-fonds bydra. Die fondse word aan die Saakgelastigde in Bellville gestuur.
- Deelnemers betaal vanjaar R150 vir ’n drie-dag VBO-kursus – middagetes en gekopieerde kursusmateriaal ingesluit.
- Die Sinode help ook kursusgangers wat verder as 160 km (80+80) per kursus moet reis met ’n brandstofsubsidie [Sien BRANDSTOFSUBSIDIE].

Verblyf

Deelnemers is vir eie verblyf verantwoordelik.

Communitas kan inligting voorsien oor gastehuise of ander verblyf.

Verlofreëlings

Predikante word versoek om hulle VBO-bywoning in oorleg met die Kerkraad te beplan. Die bywoon van ’n VBO-kursus word normaalweg nie as verlof gereken nie.

Lidmate en mense van ander kerkgenootskappe

Alle persone is welkom om vir ’n kursus in te skryf – kollegas van ander kerkgenootskappe, lidmate en predikante uit ander sinodale gebiede is almal welkom. Hulle word egter nie via gemeentes gesubsidieer nie en moet dus die werklike koste betaal. Skakel die VBO-kantoor vir besonderhede.

Koste beloop tans ongeveer R800 vir ’n drie-dag kursus (losies en reiskoste uitgesluit).

Kursustye

Kursustye is as volg tensy anders gekommunikeer word:

Dag 1: 10:00 tot 16:00

Dag 2: 09:00 tot 16:00

Dag 3: 09:00 tot 13:00

VBO-punte

1 uur = 1 VBO punt

Voltydse Bediening: 50 uur

(350 uur oor 7 jaar)

Kapelane, tentmakers en predikante met bevoegdheid in ander beroepe: 30 uur

(210 uur oor 7 jaar)

Oordra van punte

Predikante kan meer as een drie-dag kursus per jaar doen en die punte, binne perke, na ’n volgende jaar oordra. Die bedoeling van lewenslange leer is egter dat deurlopende leer sal plaasvind.

Registrasie van punte

Vanaf 2010 is ’n sentrale stelsel vir rekordhouding in werking gestel en word deur CPD Solutions administreer. Daarvolgens word krediete vir VBO elektronies per sms geboekstaaf. Predikante registreer as ’n CPD Solutions-gebruiker. By elke kursus word ’n unieke kode vir die betrokke kursus voorsien – dit word per SMS ingestuur. Die inligting vir registrasie op die CPD-webblad word aan alle kursusgangers voorsien.

Kursusontwikkeling

VBO-kursusse word deur die VBO-forum ontwikkel. Sinodale verteenwoordigers dien in hierdie Forum. Ander instansies wat relevante kursusse aanbied, kan by die Forum vir akkreditering aansoek doen. Persone betrokke by die aanbied en/of ontwikkeling van kursusse, kom ook in aanmerking vir punte.

Gestruktureerde en ongestruktureerde kursusse

VBO maak ’n onderskeid tussen gestruktureerde en ongestruktureerde kursusse.

Gestruktureerde kursusse is amptelike VBO-kursusse. Predikante moet ten minste een drie-dag kursus per jaar bywoon waarvoor 30 VBO-punte verdien kan word.

Die ander 20 punte kan deur ongestruktureerde kursusse versamel word. Hierdie kategorie bestaan uit erkende kursusse, ander geleenthede vir bedieningsontwikkeling of die lees van teologiese boeke (sien skedule hierbo t.o.v. erkenning van deelname).

Predikante is verantwoordelik om self ook rekord te hou van hulle punte.

Brandstofsubsidie

VBO gee in bepaalde gevalle ’n brandstofsubsidie *(nié reiskoste nie!)* Deelnemers word versoek om so ver as moontlik saam te reis.

- Die brandstofsubsidie is slegs vir predikante vir wie VBO verpligtend is én wat in die Sinodale gebied van Wes- en Suid-Kaapland in diens is.
- Emeriti of proponente wat nie via ’n gemeente gesubsidieer word nie, kan nie op ’n brandstofsubsidie aanspraak maak nie.
- Vir dienende VGK-leraars geld die grense van die Sinodale gebied van Wes- en Suid-Kaap.
- Kerkraadslede, lidmate of predikante uit ander kerke of sinodale streke, kom nie in aanmerking vir ’n brandstofsubsidie nie.
- ’n Brandstofsubsidie van een Rand (R1) per kilometer word betaal. “Kilometer” verwys na die kortste afstand vanaf tuisgemeente tot waar die kursus aangebied word en terug.
- Die brandstofsubsidie is slegs vir predikante wie se tuisgemeente verder as 80 kilometer (enkelrit) vanaf die kursus-plek is.
- Indien jy onseker is of jy kwalifiseer, kontak ons gerus.

DIE VERWERWING VAN VBO-PUNTE



A. **Kursusse/Studiegroepe** by Algemene Sinode se drie VBO-diensverskaffers (minstens 30 punte moet langs hierdie weg ver-werf word: 20 punte vir bywoning; 10 vir terugvoering in terme van evaluering/werkstuk) (30 minimum pj – gewoonlik drie-dag kursus). Hierdie kursusse word deur die VBO-forum ontwikkel. Sinodale verteenwoordigers dien in hierdie Forum.

B. **Konferensies en/of eendag kursusse/werkswinkels** by Algemene Sinode se VBO-diensverskaffers (10 maksimum pj) Voorbeeld: 'n Sinodale konferensie wat volgens die sinodale leiers kwalifiseer, word in oorleg met een van die Sentra van die NG-Kerk (twv koördinering) geakkrediteer.

C. Vol **VBO-Geakkrediteerde kursusse** (30 maksimum pj). Ander instansies wat relevante kursusse aanbied, kan vir akkreditering aansoek doen.

D. **Mentoraat** (10 maksimum pj) – Volgens besluit van die Algemene Sinode en word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee.

E. **Verdere Studie** (akademies)

- Vir Magister: volle erkenning vir 2 jaar;
- Vir Doktoraal: volle erkenning vir 4 jaar;
- Vir Bedienings-praktykgerigte Magister: volle erkenning vir 4 jaar.

Word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee.

F. **Aanbieding** en/of **ontwikkeling van VBO-Kursusse** (op versoek van óf na voorlegging aan VBO-forum.) (30 pj maksimum 3 jaar). Word deur die VBO-forum goedgekeur en na aanbieding deur die Sentrum, waar die kursus aangebied word, administreer.

G. **Wetenskaplike Artikels/Amptelike studiestukke** vir Sinodes; bywoning en deelname aan Akademiese Vak-Werkgemeenskappe (10 maksimum pj), word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee ('n proses is aan die gang om hierdie aanmelding te vergemaklik).

H. **Rings-, Sinodale kursusse/werkswinkels/seminare** OF ander relevante kursusse/werkswinkels en seminare (sien ook C hierbo) (10 – met 20 as maksimum), word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee.

I. **Selfstudie** via die webblad met verslagvorm en/of veelvuldige keusevraelys. Word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee.

- Lees van teologiese boeke en artikels – 5 punte per boek
- 2 punte per akademiese artikel
- 2 punte per uitgawe van Kruisgewys met
- 20 punte as maksimum in hierdie afdeling.

VBO-kantoor by Communitas

Telefoon: 021-808 3624

Faks: 086 563 7128

E-pos: wler@sun.ac.za

Webwerf: www.communitas.co.za

Posadres: Posbus 3322, Matieland, 7602

Fisiese adres: Communitas, Noordwal-Wes 1, Stellenbosch, 7600

Taakgroep VBO ~ Ringsindeling

Michiel Strauss:	Koeberg, Swartland, Goodwood, Calvinia en Namakwaland
Tiana Bosman:	Clanwilliam, Kaapstad, Durbanville en Wynberg
Coenie Burger:	Stellenbosch, George, Mosselbaai, Knysna, Oudtshoorn, Namakwaland, Vredenburg/Wesland
Hans Steyn:	Brackenfell, Kuilsrivier, Parow en Bellville
Peet Bester:	Beaufort, Paarl, Swellendam, Tulbagh, Worcester en Piketberg
Danie O'Kennedy:	Somerset-Wes, Caledon en Riversdal
Peter Adams	VGK
Pieter Grove	VGK

Maak gerus met hulle kontak.